Verwysing: 20210922-6116
Lêerno.: 3/3/3/3/1
Navrae: M Mpiti

Strategiese Mensbestuursminuut: 0007/2021

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Kringbestuurders en Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings

Onderwerp: Deeltydse studiebeursskema vir staatsdienswerknemers (2022-akademiese jaar)

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) rig 'n uitnodiging aan alle staatsdienswerknemers wat deeltydse studie in 2022 wil onderneem om aansoek te doen vir deeltydse beurse.

2. Dienooreenkomstig die Wet op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk, 2008 (Wet 67 van 2008), soos gewysig, asook die toelatingsvereistes vir middelbestuur- en senior bestuursposte, sal die WKOD voorkeur gee aan staatsdienswerknemers wat hul kwalifikasies tot graadvlak (NKR 7) wil verbeter, of wat onderneem om vir 'n nasionale diploma (NKR 6), wat uitloop op NKR 7 of 'n voorgraadse graad (NKR 7), te studeer.

3. Beurse sal slegs toegeken word aan aansoekers indien hulle:
   a) Suid-Afrikaanse burgers is;
   b) permanente werknemers is wat aangestel is ingevolge die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994);
   c) voldoen aan die toelatingsvereistes van die betrokke hoëronderwysinrigting (HOI);
   d) 'n bewys van die aansoek, of 'n afskrif van die kontantbewys van die HOI vir die 2022-akademiese jaar, kan toon;
   e) Daartoe verbind is tot deeltydse studie gedurende 2022 te onderneem;
   f) studeer om 'n voorgraadse of nagraadse kwalifikasie te verwerf; en
   g) nie in ontvangs van 'n ander staatsbeurs of enige ander beurs is nie.

4. Alle aansoeke word geëvalueer ooreenkomstig die volgende kriteria:
   - Die gepastheid van die voorgenome studieveld met betrekking tot die WKOD se huidige en toekomstige strategiese behoeftes
   - Die betrokke komponent se behoefte aan spesifieke of skaarsvaardighede
   - Billike indiensneming (ras, geslag, gestremdheid)
   - Óf aansoekers uit landelike óf stedelike gebiede kom

- Toepaslikheid daarvan teenoor die spesifieke posbeskrywing
- Salarisvlakke en die beskikbaarheid van fondse
- Eerste kwalifikasie teenoor tweede kwalifikasie
- Die toesighouer se aanbeveling, wat die aansoek moet vergesel

5. Geen laat, onvolledige, faksimilee of onleesbare aansoeke sal oorweeg word nie. Alle aansoeke moet teen **Dinsdag, 02 November 2021.**

6. Aansoeke vir die volgende studievelde, met 'n skaarste aan gekwalifiseerde personeel en/of 'n konstante behoefte in die WKOD, sal voorkeur geniet:

	TIPE KWALIFIKASIE	STUDIEVELD/DISSIPLINE
a)	Graad (NKR 7)/ Diploma NKR 6 (wat uitloop op NKR 7)	Finansiële Bestuurstelsels, Finansiële Rekeningkunde, Bestuursrekeningkunde Ouditkunde
b)	Graad (NKR 7)/ Diploma NKR 6 (wat uitloop op NKR 7)	Menslikehulpbronbestuur Ontwikkeling Bedryfsielkunde
c)	Graad (NKR 7)/ Diploma NKR 6 (wat uitloop op NKR 7)	Openbare bestuur
d)	Graad (NKR 7)/ Diploma NKR 6 (wat uitloop op NKR 7)	Inligtingstelsels/Inligtingsbestuur
e)	Graad (NKR 7)/ Diploma NKR 6 (wat uitloop op NKR 7)	Bedryfsverhoudinge
f)	Graad (NKR 7)/ Diploma NKR 6 (wat uitloop op NKR 7)	Projekbestuur
g)	Graad (NKR 7)/ Diploma NKR 6 (wat uitloop op NKR 7	Veiligheidsbestuur/Sekuriteitsbestuur
h)	Graad (NKR 7)/ Diploma NKR 6 (wat uitloop op NKR 7	Argiewe en Rekordbestuur
i)	Graad (NKR 7)/ Diploma NKR 6 (wat uitloop op NKR 7)	Kantoorbestuur en -tegnologie
j)	Graad (NKR 7)/ Diploma NKR 6 (wat uitloop op NKR 7)	Eiendomsbestuur/Stadsbeplanning

7. Aansoekers moet die volgende skakel gebruik om aanlyn aansoek te doen of die VR-kode skandeer om toegang tot die skakel op hul selfone/tablette te verkry:

https://forms.office.com/Pages/ResponsePage.aspx?id=f790rsPPYEeh_gcxr6pVAhJlmtb5hz5FiPdS4qjWtfdUQjI4UUEzSDI2RTcxSVNQSjVRR1pXUVlHTC4u

8. Aansoekers moet die volgende voltooide dokumente elektronies indien:
   a) 'n Voltooide beursaansoekvorm (by hierdie minuut aangeheg).
   b) 'n Geskrewe beraming van die studiekoste (registrasie- en onderriggeld) van die HOI vir die 2022-akademiese jaar (hierdie inligting kan verkry word by die HOI).
   c) Hulle toesighouer se aanbeveling en motivering van die aansoek.
   d) Bewys van die aansoek of 'n afskrif van die kontantbewys van die HOI.

9. **Dokumente moet elektronies ingedien word by:** Malorato.Mpiti@wced.info.

10. Die beurskomitee sal alle aansoeke oorweeg en aanbevelings maak vir die toekenning van beurse. Die aantal aansoeke wat ontvang is en die beskikbare fondse bepaal die aantal beurse wat toegeken word.

11. Daar word van elke suksesvolle aansoeker verwag om 'n formele ooreenkoms (beurskontrak) met die WKOD aan te gaan om 'n diensjaar te lewer vir elke jaar waarvoor die beurs toegeken is en aan al die ander bepalings in die ooreenkoms te voldoen.

12. Vir enige navrae oor beursaansoeke vir staatsdienswerknemers in 2022, kontak Malorato Mpiti per e-pos by Malorato.Mpiti@westerncape.gov.za of per tel. 021 467 2155, of Masivelane Jita per e-pos by Masivelane.Jita@westerncape.gov.za of per tel. 021 467 2224.

13. Maak asseblief seker dat alle die staatsdienswerknemers in u komponent bewus gemaak word van die inhoud van hierdie minuut.

GETEKEN: LJ ELY
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE
DATUM: 2021-10-01